2006 - 2026 MIDSTREAM COLLEGE EXCELLENTIA 20

LAERSKOOL MIDSTREAM COLLEGE PRIMARY

# Nuusbrief 8 — 28 Mei 2026

## UIT DIE KANTOOR

Die seisoenswisseling veroorsaak dat baie leerders en onderwysers tans siek is weens verskeie virale infeksies.

Die skool het begrip daarvoor dat ouers nie graag wil hê dat hul kinders toetse en assesserings moet misloop nie en dat dit moeilik is om dit later in te haal.

Ongelukkig is selfs beperkte tyd wat ’n leerder by die skool deurbring, lank genoeg om ander leerders en onderwysers aan te steek.
Laat u kind liewer toe om te rus en gouer te herstel deur hom/haar nie skool toe te stuur nie.

Ons bring graag weer die volgende riglyne en reëls onder u aandag:
Kinders mag nie skool bywoon indien hulle enige aansteeklike siektes of infeksies het nie. Dit kan die volgende insluit:

- Erge verkoue en griep
- Diarree en braking
- Brongitis en/of pneumonie (longontsteking)
- Veluitslag sonder ’n diagnose
- Konjunktivitis (pienk of rooi oë met afskeiding)
- Aansteeklike kindersiektes, bv. waterpokkies, masels, ens.
- Leerders met ’n temperatuur bo 38 °C
- Indien ’n leerder medikasie gebruik vir ’n toestand wat aansteeklik is, moet hy/sy nie skool toe kom gedurende die eerste 72 uur nadat antibiotika of antivirale medikasie begin is nie, of totdat ’n mediese dokter aandui dat die leerder nie meer aansteeklik is nie.

Onthou ook asseblief dat gereelde handewas, maskers en goeie ventilasie steeds maniere is om die verspreiding van siektes te voorkom. ’n Dieet met gesonde kos en genoeg vrugte en groente is ook belangrik.

Maak asseblief ook seker dat u kind genoeg snesies het om sy/haar neus te blaas en dat dit nie nodig is om heeldag in die klas te snuif nie.

Leerders wat siek is en byvoorbeeld heeltyd hoes en/of vra om na die siekekamer te gaan, het ’n impak op die aanbieding van lesse. Leerders se konsentrasie word verbreek en dit neem die onderwyser se aandag en tyd in beslag om die siek leerder te hanteer en na die siekekamer te stuur.


Help ons asseblief om hierdie wintertyd die siektetoestande so goed moontlik te bestuur, met so min moontlike negatiewe gevolge vir die skool en die groter gemeenskap.

**Wat medikasie betref:**

- Die skool voorsien slegs medikasie vir pyn, maagongemak en hoofpyn, asook Allergex vir allergieë, indien ’n leerder tydens skoolure siek raak.
- Moet asseblief nie leerders wat siek voel skool toe stuur en vra dat die suster medikasie moet toedien nie.
- Daar word geen hoesstroop by die skool in voorraad gehou nie.
- Indien u kind enige voorskrifmedikasie tydens skoolure moet neem, geld die volgende:
    - Stuur die medikasie na die skoolsuster.
    - Die medikasie moet in ’n Ziplock-sakkie wees en duidelik gemerk wees met die leerder se naam en graad.
    - ’n Voorskrif van die dokter, met duidelike instruksies, moet saam met die medikasie gestuur word.
    - Geen onderwyser mag medikasie in die klaskamer toedien nie.
- Geen medikasie mag deur ’n leerder self gehou word nie.

## SPORTUITSLAE

Druk op die skakel vir die sportuitslae



## MERK SKOOLKLERE

Ons versoek dringend dat ouers asseblief leerders se skoolklere duidelik merk. Wanneer ongemerkte klere by die verloorstoor ingehandig word, kan dit nie aan leerders terugbesorg word nie. Indien geen bewys van eienaarskap gelewer kan word nie, sal ongemerkte klere ná twee weke verkoop word.

Ons versoek ook dat leerders verantwoordelikheid vir hul besittings neem en alles saamneem wanneer hulle die skoolgronde verlaat.

## INTERSKOLE LMCP VS LMRP – 11 JUNIE

Die opgewondenheid bou reeds op vir vanjaar se interskole tussen Laerskool Midstream College Primary (LMCP) en Laerskool Midstream Ridge Primary (LMRP) wat op 11 Junie plaasvind. Hierdie hoogtepunt op die skoolkalender beloof om ’n dag vol geesdrif, sportmangees en gesonde kompetisie te wees.

Leerders, personeel en ouers sien uit daarna om hul skole met trots te ondersteun terwyl ons sportspanne mekaar op die veld aandurf. Die interskole bied nie net ’n geleentheid om sporttalent ten toon te stel nie, maar versterk ook die waardes van deursettingsvermoë, respek en spanwerk.

Neem asseblief kennis dat die **skool op 11 Junie reeds om 12:15 sal sluit** sodat leerders genoeg tyd het om voor te berei vir die middag se verrigtinge. Ons moedig massaverteenwoordiging aan en vra dat al ons leerders die geleentheid in groot getalle sal bywoon en sodoende hul ondersteuning wys. Die entoesiasme langs die veld speel ’n groot rol in die atmosfeer van die dag en dra by tot ’n onvergeetlike ervaring vir elke deelnemer.

Ons moedig ook al ons leerders wat kom ondersteun aan om hul skoolsweetpakke met trots te dra en die spelers positief aan te vuur.

Baie sterkte aan al die spelers en afrigters met die voorbereiding. Ons sien uit na ’n dag van uitstekende sport, goeie gees en mooi herinneringe. Ons nooi alle ouers om die middag saam met ons te geniet en die onderskeie sportspanne te ondersteun.

LMCP en LMRP – saam staan ons sterk!

# SKOOLVAKANSIEDAG – 15 JUNIE (LANGNAWEEK)

Ons herinner graag ons ouers daaraan dat **Maandag 15 Junie 'n skoolvakansiedag (naskool ingesluit)** vir alle laerskoolleerders sal wees, aangesien dit die dag voor Jeugdag is (soos op die kwartaaldokument aangedui).

Hoërskoolleerders moet asseblief hul eksamenrooster noukeurig nagaan om te bevestig of hulle op dié dag 'n eksamenvraestel skryf.




# VAKANSIEKLUB JUNIE / JULIE 2026

'n Vakansieklub sal gedurende die skoolvakansie aangebied word: Maandag 29 Junie tot Vrydag 3 Julie, voldag vanaf 07:30 tot 16:30 of halfdag vanaf 07:30 tot 13:00.

Alle ingeskrewe Laerskool Midstream College Primary-leerders is welkom om in te skryf.

Voltooi asseblief die onderstaande Googlevorm voor Sondag 21 Junie. GEEN laat inskrywings sal aanvaar word nie.

# MAANDAG 22 JUNIE – SKOOL SLUIT VROEG

Ons stel ons ouers in kennis dat die skool op **Maandag 22 Junie om 12:15 sal sluit**. Ons vra dat ouers asseblief vroegtydig reëlings sal tref om leerders op hierdie dag om 12:15 by die skool op te laai. Naskoolaktiwiteite wat op hierdie dag plaasvind, sal soos normaal voortgaan. Hierdie reëlings geld vir graad 1- tot 7-leerders.
Indien leerders nie om 12:15 opgelaai kan word nie, sal 'n wagklas beskikbaar wees tot 13:45. 'n Googlevorm sal uitgestuur word indien u van die wagklas gebruik wil maak.
Daar is 'n belangrike 3 Midstreamskole-vergadering vir onderwysers wat vir 22 Junie geskeduleer is.

# KRIEKET

Die Nico Martin Krieket Akademie sal weereens hul jaarlikse krieketkliniek gedurende die komende vakansie aanbied. Dit is 'n wonderlike geleentheid vir jong krieketspelers om hul vaardighede te slyp en voor te berei vir krieketweek en die komende krieketseisoen. Om te registreer of vir meer inligting, klik asseblief op die skakel hieronder.



## TUCK IN




## CASTLE WALK STATIONERS

